

## **Donderdag 28 Julie**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5:1-10; HK Sondag 19, Antwoord 52**

**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 5:10**

### **Die oordeelsdag**

As die wêreldgeskiedenis afgeloop het, die laaste dag aangebreek het, Christus gekom het en die dooies opgewek is, dan verskyn almal voor Christus as Regter om geoordeel te word. Al die mense wat geleef het van die begin van die wêreld af tot die einde toe uit al die plekke op aarde, het dan herleef en staan voor die regterstoel van Christus. Johannes sê: *"Ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan"* (Op. 20:12). Dit is vir ons moeilik om ons voor te stel hoe dit moontlik is dat al die miljoene mense voor Hom kan verskyn. Tog leer die Skrif ons dat dit wel sal gebeur en ons moet maar wag tot dié dag om self te sien hoe dit sal gebeur.

Watter verskil daar hier op aarde ook al tussen mense is, op die oordeelsdag sal almal dit gemeenskaplik hê dat hulle voor die regterstoel van Christus sal staan om geoordeel te word. Voor Hom verksyn dan: rykes, maar sonder geld; rykskanseliers, maar sonder waardigheid; konings, maar sonder krone; geleerde, maar sonder grade en titels; deftige dames, maar sonder modieuze klere (Veldkamp). Niemand sal die oordeel kan ontvlug of daarvan verskoon word nie (Op. 6:12-17).

Hoewel soveel miljoene mense voor die regterstoel van Christus sal verskyn, sal dit tog nie 'n massale oordeel wees wat uitgespreek sal word nie. Nee, die oordeel sal persoonlik en individueel wees. Paulus beklemtoon dit ook as hy sê: *"Ons moet immers almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed is of kwaad"* (2 Kor. 5:10). Daarby kom nog dat elkeen in die openbaar voor almal geoordeel sal word. Wat ek gedoen het, sal aan almal bekend word.

Hierdie grootse gebeurtenis word treffend op grond van Jesaja 5:20 soos volg beskrywe: Met die wederkoms van Christus staan alle dinge onbedek voor Christus. Hier word die slechte nie meer goed genoem nie en die goeie nie slecht nie; die duisternis word nie meer as lig voorgestel en die lig as duisternis nie, of wat bitter is as soet en wat soet is as bitter nie, omdat aan alle verleuening van die lewe 'n einde, 'n radikale einde kom (Berkouwer).

Hoewel dit alles skrikwekend is, hoef ons as kinders van God nie bang te wees vir die oordeelsdag nie, omdat Christus wat die Regter is self vir al ons sondes betaal het en dit met sy bloed voor God bedek het.